

WEEK 10– HERLEWING, 2 KRONIEKE 7: 13-15.

2 Kronieke 7:13-15.

13 As (wanneer) Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as (wanneer) Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as (wanneer) Ek pes onder my volk stuur, 14 en (indien) my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan (daarna) sal Ek (verseker) uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees 15 Nou sal my oë oop wees en my ore luister na die gebed van hierdie plek.

Inleidend.

Ons pad sover:

- Die Here het Sy seën van ons land onttrek (vers 13) – daarvoor het ons reeds gesels.
- Hy (die Here) verwag in reaksie daarop 4 handeling (vs.) van sy kinders (m.a.w. Suid Afrikaanse Christene)
 - Verootmoedig / verneder julleself – daarvoor het ons reeds gesels.
 - Draai van julle borse weë – **daaroor is ons tans besig om te gesels.**
 - Bid – daarvoor moet ons nog gesels
 - Soek My aangesig – daarvoor moet ons nog gesels.

Miskien vra iemand – dis al week 10 en al wat ons doen is sondes bely, gaan dit nooit einde kry nie? Onthou net – dis die sondes van Suid Afrika se Christene wat staan tussen ons land se redding, en die Here. Sondebelydenis en Goddelike vergifnis en reiniging (1 Joh 1:9) onderlê alles. Daarom moet ons aanhou, en vasbyt, en onself en ons land deeglik reinig van dit wat die gees van God tans bedroef, voordat ons by Hom kan begin pleit om ons land te red en herlewing te bring! Tans hanteer ons die sondes wat die kerk in Suid Afrika pleeg, en gepleeg het. Onthou die belangrike beginsel – ons as individue bely saam met, en namens ons kerk, ons Afrikaner volk, en ons land Suid Afrika. Ons gaan vandag voort om dit te bely waar ons as kerk teenoor die Here oortree het.

Sonde nr. 1: Ons versuim om mense te bekeer (tot reddende geloof in Christus te lei)

Sonde nr. 2: Ons versuim om die wat gered word, op te lei en te onderrig in die Woord van die Here.

Vandag, sonde nr. 3: Ons kerk se kompromie met die wêreld.

Wat beteken dit om kompromie te tref? Twee partye kom tot 'n kompromie as albei bereid is om iets prys te gee, om sodoende tot 'n vergelyk te kom. Kompromie impliseer altyd dus dat iets prys gegee word, om sodoende 'n staat van vrede of samewerking tussen 2 partye te bewerk. In besigheid bv. word gereeld kompromie gemaak, intendeel, daarsonder sou bitter min besigheids transaksies ooit plaasvind.

Maar om op geestelike terrein kompromie te tref, is iets totaal anders. Want hier word kompromie / konsessies gemaak deur die kerk (gelowiges) oor God se onfeilbare Woord. In besigheids terme kan 2 partye mekaar in die middel ontmoet, en albei "wen" steeds. As daar kompromie met God se Woord gemaak word, is daar egter geen sprake van 'n wen-wen situasie nie. Intendeel, ons doen die saak van God oneindige skade aan deur sy Woord af te water en aan te pas ter wille daarvan om 'n ander party "halfpad" te ontmoet.

Op watter manier tref die kerk kompromie met die wêreld? Ons ontmoet die wêreld "in die middel" oor sekere kern aspekte van ons geloof en God se woord.

Wat dryf hierdie kompromie? 'n Paar dinge:

- Vrees vir wat die wêreld sal sê en dink, dat die kerk en Christene uitgelag sal word as oudmodies, onwetenskaplik, liefdeloos, homofobies, Islamofobies, seksisties, ens.
- Vrees vir vervolging en "slegte press" in koerante en openbare media.
- Vrees dat ons as kerk ons relevansie gaan verloor as ons nie "aanbeweeg met die tye" en meer word soos die wêreld waarin ons leef nie.

Ons lees in Jakobus 4:4: *"weet julle nie dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God."*

Hier leer ons 'n baie belangrike les – Hoe nader die kerk aan die wêreld probeer kom deur kompromie te maak, hoe verder beweeg ons weg van God af, uit onder Sy sambreel van seen en beskerming. God se Woord is duidelik – tot dieselfde mate wat ons as kerk na middelgrond beweeg om die wêreld tegemoet te kom, tot dieselfde mate beweeg ons weg van God, ons kan nie vriende met die wêreld en met God wees nie, ons as kerk en Christene moet kies! (Jos 24 14-15)

So, waar het die kerk in Suid Afrika dan kompromie gemaak met die wêreld. (Met wêreld bedoel ons die heersende sienswyse en klimaat in terme van wat as waar, reg en aanvaarbaar is. 'n Ander woord daarvoor is dit wat alles in die hedendaagse klimaat as "politiek korrek" aanvaar word, dit wat geen aanstoot gee nie.) Kom ons noem 'n paar voorbeelde waar ons reeds kompromie met die waarheid gemaak het, en die wêreld in die middel ontmoet het.

Kompromie nr. 1: Die ewolusie teorie.

Die ewolusie teorie is onwaar van begin tot einde, vir verskeie redes. Wetenskaplik is dit onmoontlik dat die kompleksiteit van chemiese reaksies nodig om lewe te onderhou, spontaan kon gebeur het, punt. Maar ewolusie is nie onmoontlik primer omdat die wetenskap en common sense sê dis onmoontlik nie. Ewolusie is onwaar vir die eenvoudige rede die Bybel sê dis onwaar, en ons dien 'n God wat nie kan lieg nie (Titus 1:2) Die Bybelse weergawe van God se skepping in Genesis 1 staan onveranderd, as die waarheid, deur al die eeue heen, en al die leuens wat die duiwel kan uitdink, gaan nie daardie waarheid verander nie. Maar waarom maak ons as kerk kompromie met die teorie van ewolusie?

- Is dit omdat ons skaam is om te sê dat ons iets glo wat bonatuurlik is, en menslik gesproke onmoontlik is?
- Is dit omdat ons ons vir God se Woord begin skaam het, asof die wetenskap dit kwansuis verkeerd bewys het? Feit is die wetenskap het nog nooit een Bybelse waarheid kon weerlê of verkeerd bewys nie, en sal ook nooit kan nie. Die skepper van die wetenskap, is dieselfde Een wie die Bybel geskryf het, en waar die wetenskap en die Bybel verskil, kan ons weet dat die Bybel reg is, en die wetenskap verkeerd is, nie anders om nie.
- Is dit omdat ons meer "relevant" wil wees en onself meer aanvaarbaar maak vir 'n verlore wêreld?

Vir watter rede ook al, is die kerk se kompromie oor die ewolusie teorie baie meer skadelik as wat ons dink. Die ewolusie teorie neem die noodsaaklikheid van 'n skepper weg. Geen skepper, geen rekening oor my lewe na my dood, ek kan lewe soos ek wil sonder vrees vir ewige gevolge nie. Maar heel belangrikste, dit ontnem die skrif uit die staanspoor uit van alle geloofwaardigheid en outoriteit. *"As ons nie eers die eerste hoofstuk van God se Woord kan glo of vertrou nie, hoe weet ons dan wat om verder in die Bybel te glo, of nie te glo nie?"*

Kompromie nr. 2: Kompromieë oor seksualiteit / seksuele oriëntasie.

Van die kerke in ons land het, tragies genoeg, kompromie gemaak oor verskeie waarhede oor seksualiteit vervat in God se woord.

Ek haal n skrywe aan uit aan uit die Kerkbode (Sept 17/2018):

"Ek is oortuig dat seksuele oriëntasie 'n goeie gawe uit God se hand is wat ons met dankbaarheid mag ontvang en met sorg moet koester. Gay mense moet versoen word met die gawe van hulle seksuele oriëntasie. Hulle is net so deel van God se skepping soos heteroseksuele mense. Ek is ook oortuig dat sonde gemeet moet word aan hoe ons leef, en nie aan ons seksuele oriëntasie nie. Sonde is onder meer wanneer 'n daad of 'n aksie iemand anders benadeel, skade aandoen, seermaak, uitbuit, misbruik en dus menswaardigheid aantas"

Sien jy hoe word die wêreld in die middel ontmoet?

"Seksuele oriëntasie is 'n gawe it God se hand."

Dit is waar, maar – die voorwaarde is egter dat hierdie gawe slegs funksioneer tussen een man en een vrou, in die veiligheid van die Christelike huwelik, nêrens anders nie.

"Gay mense moet versoen word met die gawe van hulle seksuele oriëntasie"

Die Bybel is ondubbelsinnig daarvoor dat homoseksuele oriëntasie nie 'n gawe uit God se hand is nie. Hoe kan dit, wat nie God se goedkeuring wegdra nie, as 'n gawe komende van God beskou word?

"Sonde moet gemeet word aan hoe mens leef, nie ons seksuele oriëntasie nie."

Wat het Jesus gepreek – *"as jy na 'n vrou (of dan ander man ook) kyk om te begeer, het jy reeds in jou hart egbreek gepleeg. (Matt 5:28)* Dit is moontlik om uiterlik vroom en korrek te leef, terwyl ek innerlik, in my gedagtes en begeertes heeldag sondig. Sonde word aan meer gemeet as hoe ons uiterlik leef.

Sonde is wanneer 'n daad of 'n aksie iemand anders benadeel.....

Natuurlik is dit waar, maar dis nie die volle Bybelse definisie van sonde nie. Sonde is enige vorm van ongehoorsaamheid aan God se Woord in daad, gesindheid, gedagte, of versuim. Weereens, heelwat breër as die definisie hier voorgestel

Ek lees in dieselfde skrywe:

Ons verdeeldheid (in die NG kerk) verteenwoordig twee strome van denke oor hermeneutiek, oor etiek en oor die navolging van Christus. Dat daar al vantevore oor verskillende kwessies in die geskiedenis van die NG Kerk meervoudige strome van denke was en steeds is, is 'n feit. Trouens, ons identiteit as kerk is dat ons 'n soort hibriede teologie omarm het.

Ons lees in psalm 19 *"Die woord van die Here is volmaak...*

God se Woord is volmaak (Engels: perfect) en betroubaar en kan en behoort op slegs een manier verstaan en interpreteer te word. Daar is geen dubbelsinnigheid in God se Woord, wat ruimte toelaat vir uiteenlopende interpretasies nie, anders is Sy Woord nie volmaak nie. Diverse interpretasies van die Woord kom vir 'n enkel eenvoudige rede: ons besluit voordat ons begin lees en studeer wat ons wil glo. Dan soek ons tekste wat ons kan misbruik om die Bybel te maak sê wat ons wil he dit moet sê.

Jesus bid in Johannes 17:21 vir sy kinders (die kerk): "Ek bid dat hulle almal een mag wees... sodat die wêreld kan glo dat U my gestuur het" Jesus bid vir eenheid en eensgesindheid in Sy kerk, nie 2 strome van denke, of onenigheid nie.

Sien jy hoe subtiel maak ons kompromie met God se Woord? Wat was die boodskap vir die Laodicea gemeente (Openbaring 3) "*was julle eerder koud of warm, maar omdat julle lou is...*" Vriende, ons kan nie die Here halfpad dien nie, en kompromie maak waar ons dink die Here dit anders moes gestel het in Sy Woord nie. Dis 'n "six or a nix", ons aanvaar God se Woord in sy totaliteit, of glad nie. Ons MAG nie kompromie tref om ons as kerk meer aanvaarbaar of gewild te probeer maak nie.

Gebed:

Ons bid namens die kerk in Suid Afrika, en spesifiek namens die NG kerk leierskap waar van toepassing, en bely ons verdraaiing van God se woord om kompromie met die wêreld te tref.

Here, U woord waarsku dat vrees vir mense ons in 'n strik kan laat beland (Spr. 29:25), en dat ons vir U en U alleen moet vrees. Vergewe ons, as U kerk, en as U kerkleiers, dat ons toegelaat het dat vrees en 'n soeke na gewildheid ons in 'n strik laat val het.

Vergewe ons dat ons kompromie gemaak het met U Woord om die ewolusie teorie te probeer akkommodeer. Ons bely voor U dat die ewolusie teorie 'n leun is, en dat U die wêreld geskep het, volmaak in 6 dae, presies soos U in Woord vir ons leer.

Ons bely ook Here, dat ons uit vrees kompromie gemaak het met U Woord, waar U vir ons leer oor seksualiteit en seksuele oriëntasie. Ons bely vandag dat U woord waar en korrek is oor elke aspek van seksualiteit. Vergewe ons kerkleiers asseblief Here, waar hulle foute en verkeerde besluite in vergaderings gemaak het, waar die waarheid van U woord in twyfel gebring is, en skade aan U koninkryk gedoen is. Ons vra ook nederig, help asseblief ons kerk se leiers om die regte besluite te maak, en om die situasie wat tans heers, op te los tot eer en verheerliking van U naam.

Here, ons bid ook vir elkeen vasgevang in die leun dat seksuele omgang buite die Christelike huwelik vir U aanvaarbaar is. Help hulle, deur U Gees, om die waarheid van U woord raak te sien, asook die verlossing wat U Seun vir ons gebring het, toe Hy in ons plek, plaasvervangend, vir ons sondes gesterf het. Amen.

Tot volgende keer,

Seënwense,

Die MPG gebed span.